DAG 7

Strome van lewende water

Lees Johannes 7:37-39.

"Strome lewende water sal uit sy binneste vloei" (v. 38).

Daar was 'n verwagting onder die Jode dat, volgens die profesie van Esegiël, 'n stroom lewende water vanuit die tempel sou vloei nadat dit herstel is. Jaarliks tydens die huttefees in Israel het die priesters water gaan skep uit die Bad van Siloam en dit dan oor die altaar in die tempel uitgegiet in die verwagting dat daar 'n fontein sou oopbreek.

Dit was tydens hierdie oomblik van verwagting by die volk dat Jesus by die fees uitroep dat Hy 'n fontein sal laat losbreek waaruit lewende water uit ons lewe sal voortvloei. Jesus het mos geweet dat Esegiël se profesie na ons heenwys omdat ons die tempel van God is.

Om die lewende water in jou los te breek, moet jy jou na Jesus wend. Hy is die Bron van daardie lewende water. Dit moet 'n nimmereindigende,

verkwikkende stroom in ons lewe word. Niks anders kan werklik ons dors les nie. Daarom sê Jesus ook vir die vrou by die put: "As jy van enige ander water drink, sal jy weer moet kom skep, maar as jy drink van die lewende water wat Ek jou sal gee, sal jy in der ewigheid nooit dors kry nie" (vgl. Joh. 4:13).

Ons moet ons dorstige siele na Jesus bring sodat Hy ons vir ewig kan laaf.

Dankie, Here, dat U my dors met u lewende water les. Nêrens anders wil ek ooit verkwikking soek nie.

Aantekeninge: